

Dinsdag 19 September

Skrifgedeelte: Johannes 6:47-58

Fokusgedeelte: Johannes 6:54-56

In 'n lewende gemeenskap met ons Here Jesus!

Is jy honger en dors? Nee, ek praat nou nie van 'n leë maag wat smag na aardse kos nie ... ek praat van 'n baie dieper honger en dors! 'n Honger en dors wat 'n mens se binneste, jou hart en siel, uitteer en wat smag na ware versadiging! Immers, ons leef in 'n wêreld wat ons geestelik honger en dors máák!

God wil vir ons, hongeriges en dorstiges, versadig met iets, nee, met Iemand, sodat daar 'n einde aan ons ewige honger en kommer kan kom.

Wie my liggaam eet en my bloed drink, het die ewige lewe, sê Jesus Christus (vs 54). Die woordjie *eet* beteken nie om te peusel of langtand te eet nie. Nee, dit dui op 'n vraatsugtige aksie, om iets te verorber, te verslind – omdat jy besef jou lewe hang daarvan af!

Wie regtig geestelik honger en dors is, sal met dieselfde ywer Jesus se liggaam en bloed, *die ware voedsel en drank (vs 55)* eet en drink.

Net soos gewone kos deel word van ons hele liggaam wanneer ons dit eet, so word Jesus deel van ons ... en ons deel van Hom! *Ons bly in Hom en Hy in ons (vs 56).* Natuurlik beteken dit nie 'n mistieke eenwording nie. Dit is geloofstaal wat sê dat daar 'n innige gemeenskap tussen Jesus Christus en die gelowige ontstaan – 'n *lewende* verhouding!

Veral wys dit op 'n *lewensgemeenskap*! Jesus se lewe as kruisoffer (red-ding) gaan oor in die een wat Hom *eet en drink*, wat in Hom glo! Wie in die Nagmaal (die tekens van) sy liggaam en bloed eet en drink, bely dat 'n lewende lewensgemeenskap met Hom die enigste lewensmoontlikheid is!

Sing: Psalm 23:3 (2001)

Ds. HC (Charl) van Rooy (Randburg)